



Bind vriende saam rondom 'n oop Bybel



'n Plek om te behoort

Uitgawe# 2

Kyk terug

Hoe het verlede week se gesprek deel van jou lewe geword?

Openingsgebed

Here Jesus, ons sukkel soms om ons plek in die wêreld te vind. Help ons om te onthou dat ons altyd aan U behoort. Mag ons altyd weet dat u vir ons 'n plek het om te behoort. Help ons met hierdie waarheid. Amen

Gesprekspunt#1

Wat beteken dit om vreugde en blydschap te hê?

Hoe steel negatiwiteit en pessimisme ons vreugde?



Dis geen geheim dat ons deesdae onder geweldige druk en spanning leef met al die negatiwiteit en pessimisme rondom ons nie. Die media oorval ons met negatiewe nuus en onderwerpe wat ons diep raak en wat uiteindelik ons reaksie op die lewe beïnvloed. Dis asof elkeen met wie te doen kry iets het om oor te kla. Dalk is dit ons wat eintlik heelyd kla. Daar is niks verkeerd daarmee om ons frustrasies met mekaar te deel op soek na raad en antwoorde nie, maar dit raak wel 'n probleem as hierdie pessimisme ons harte binnedring en ons vreugde en optimisme steel.

Gesprekspunt#2

Gesels oor die volgende vrae nadat julle die verhaal hieronder gelees het:

**Watter een van die twee sal jy opoffer, die vrugteboorde of fabriek?
Hoekom?**

Wat stel die fabriek en die vrugteboorde in jou lewe voor?

Verbeel jou jy is 'n vrugteboer. Jy het die vermoë en middele om ongelooflike organiese vrugte te kweek wat wêreldwyd uitgevoer word. Jy kweek verskeie soorte vrugte en elke oes is beter as die vorige jaar s'n. Daar is 'n groot aanvraag na die vrugte wat jy kweek. Dit is te danke aan die ondergrondse spruit waarin die bome gewortel is. Die vrugte is sappig en gesond. Jy moet erken dat jy geseënd is met sulke vrugteboorde. Maar op 'n dag het alles verander: Dis oestyd en jou vrugte is sonder smaak, dis nie sappig nie en dis melerig, jou bome verlep en daar is 'n wêreldwye aanvraag na jou kwaliteit uitvoervrugte, maar jy kan nie aan die aanvraag voldoen nie. Alles wat tot nou toe goed was, is nou sleg. Intussen is jy daarvan bewus gemaak dat die ondergrondse spruit besoedel word deur die nabygeleë fabriek met sy onkeerbare toksiese afval. Die fabriek behoort ook aan jou. Jy het miljoene spandeer om dit op te rig. Jy baat by albei, maar die fabriek is besig om jou boorde te verwoes en as jy nie vrugte produseer nie, lê jou toekoms aan skerwe.

Gesprekspunt#3

LEES

JOHANNES 15:1-17

GALASIËRS 5:22-25

Wat tref jou in hierdie gedeeltes?

Wat dink jy is hoofgedagte in hierdie gedeeltes?

Hoe sal dit lyk as Christen-gelowiges hierdie beginsel en/of les in hulle lewens begin toepas?

Op watter manier hou hierdie verse verband met:

Vreugde & Optimisme vs. Negatiewiteit & Pessimisme?

“'n Plek om te behoort?” (belonging)

Hoe kan julle groep "'n plek wees om te behoort?"

Hoe kan ons dit deelmaak van ons lewe?

“Fokus op die reis, nie op die bestemming nie. Vreugde word nie gevind in die voltooiing van 'n taak nie, maar in die besig wees daarmee.” - Greg Anderson

SLEUTELVERS

Johannes 15:5

“Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.

Gebedsversoeke:

Uitsending

Heilige Gees, wys vir ons hoe om die hart van Jesus te hê. Help ons om ruimtes te skep waar mense kan behoort en waar hulle aanvaar kan word vir wie hulle is. Help ons om geleenthede te soek en raak te sien om sulke ruimtes te skep.

Enige vrae: chatter@coffeachatconnect.com

Wie fasiliteer die volgende #CCC?

Plek: _____

Datum & Tyd: _____

Kyk in die spieël

Voltooi dit by die huis

Ons moet in Jesus bly as ons ware vreugde en blydschap wil beleef. Dink hierdie week eerlik oor die volgende vrae: Het jy ware vreugde? Voel jy asof jy behoort? Bly jy regtig in Jesus? Leef jy asof jy in Jesus bly? Dra jy die vrugte wat Hy wil hê jy moet dra? Wat keer jou om te leef soos Jesus van jou vra?